netwerk24.com

# Rameez Patel loop hom vas in hof

Send to Kindle

Rameez Patel (33), wat teregstaan weens die moord op sy eerste vrou, Fatima (28), agt jaar gelede in Polokwane, het Dinsdag bloedneus in die hooggeregshof in die stad gekry.

Regter Joseph Raulinga het Dinsdag Patel se aansoek om verlof tot appèl teen 'n bevinding wat die hof in Julie gemaak het, van die hand gewys.

Fatima is op 10 April 2015 in die egpaar se meenthuis in Nirvana in Polokwane vermoor. Patel is 'n week later in verband met die moord in hegtenis geneem.

Hy ontken skuld.

Patel, 'n sakeman, beweer hy het op Fatima se lyk afgekom waar sy in 'n plas bloed in die oopplan-leefvertrek van hul meenthuis gelê het. Hy hou vol inbrekers het haar vermoor. Niks is uit die huis gesteel nie. Sy is op kort afstand in die gesig geskiet.

Raulinga het in Julie gelas dat Patel nie sy borgtogvoorwaardes mag laat wysig nie. Hy mag ook nie sy jonger broer, Razeen, wat reeds in 2018 vir die staat teen hom getuig het, nader om nou vir